**1 Junie** **Skrifgedeelte: 1 Petrus 4:12-19**
**Fokusgedeelte: 1 Petrus 4:18**

**Dit is ’n wonder dat ek as kind van God voor sy aangesig mag verskyn!**

’n Regverdige word nouliks gered – beswaarlik, met moeite, omtrent nie! ’n *Regverdige* is iemand wat vry van skuld voor God staan omdat hy gewas is in die bloed van Christus. Die *nouliks* beteken nie dat die redding van die kind van God by God twyfelagtig, onseker en in die weegskaal is nie, maar dat dit ’n wonder van God is! Jy as ’n kind van God is ’n wonder, omdat die Gees van die heerlikheid en van God op jou rus! Dat jy as ’n kind van God nie in die geloofstryd weens beproewings tou opgooi en ondergaan nie, al die lewensgevare kan oorwin, van soveel potensiële sondes bewaar bly en lyding in talle vorme jou nie onderkry nie, is ’n wonder!

Daagliks stry ons teen ons sondige geaardheid, teen die wêreldse versoekinge en teen die duiwel, wat geen oomblik laat verbygaan sonder om te probeer verhinder dat ons salig word nie! Nouliks is ons gered, soos ’n stuk brandhout uit die vuur – ’n wonder!

Daagliks word ons, regverdiges, nou voor God se aangesig gestel. Dit is die kind van God se plek: voor sy aangesig. Dit is die plek wat Jesus vir ons verwerf het, maar deur Satan ons misgun word. Dit is wat geloof tot geloof maak: ’n persoonlike verhouding met die lewende God, ’n nabyheidservaring, ’n betrokkenheid en ’n ek-behoort-aan-God!

*Sing: Psalm 42:4, 5* *Ds. PK Lourens (Bloemfontein-Oos)*